**Preek 21 Mei 2020.** **Vreesloos 1: Vrees vir God - Hemelvaartdiens**

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Skriflesing**

Matteus 17:1-8

| | |
|---|---|
| 1 | Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en sy broer Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle alleen was. |
| 2 | Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. |
| 3 | Skielik het Moses en Elia aan hulle verskyn en met Jesus gepraat. |
| 4 | Toe sê Petrus vir Jesus: “Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, sal ek hier drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.” |
| 5 | Terwyl hy nog praat, het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en 'n stem uit die wolk het gesê: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.” |
| 6 | Toe sy dissipels dit hoor, het hulle baie bang geword en op die grond neergeval. |
| 7 | Maar Jesus het na hulle toe gekom, hulle aangeraak en gesê: “Staan op en moenie bang wees nie.” |
| 8 | Toe hulle opkyk, het hulle niemand gesien nie, net Jesus alleen. |

**Preek**

Vandag is natuurlik Hemelvaartdag, maar hierdie verhaal wat ons nou gelees het, is nie die verhaal van hemelvaart nie! Dis die verhaal van die verheerliking. Dis soms maklik om die twee te verwar, nou maak ek dit nog erger deur op hemelvaart oor die verheerliking te preek!

Ons Pinkster-reeks se titel vanjaar is “Vreesloos”- oor geloof in ‘n tyd waar ons bang is.

Vanoggend gesels ons oor die een vrees wat sin maak, die een ding waar die Bybel sê dat vrees 'n gepaste reaksie is**: vrees vir God/ om ‘n vrees te hê vir God**

Wanneer die wêreld vir ons gevaarlik en bedreigend voel, probeer ons goed in bokse plaas. As ons dit net kan verklaar, kan beheer, dan hoef ons nie bang te wees nie. Want sien bokse verleen orde aan die wêreld.

Natuurlik is dit in ons koppe ook waar van God! Ons probeer dikwels vir God in ‘n boksie plaas.

'n Boks waarin ons God kan vasklou, 'n god wat **ONS** kan beheer. Wat eintlik – maak nie saak **ONS** mooi teologiese taal nie – ‘n God wat in **ONS** diens staan, wat sorg dat **ONS** gelukkig is, dat alles goed gaan met **ONS**.

Dan lees ons die teks van vanoggend. Ons het ook die teks mak gemaak! Maar kyk wat gebeur hier:

Jesus neem vir Petrus, Johannes en Jakobus op teen die hoë berg. Daar het Jesus voorkoms voor hulle oë verander: Jesus se gesig het begin straal soos die son, en Jesus klere het wit geword soos die lig.

Dit laat 'n mens dink aan

**1 Joh. 1:5:**

**God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.**

**Of 1 Tim 6:16:**

**16 Hy alleen besit onsterflikheid; Hy woon in ontoeganklike lig. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Aan Hom kom toe eer en ewige mag! Amen.**

Hierdie is Jesus, die Christus, in Sy goddelike vorm.

Natuurlik, hulle hierdie drie manne wat voor Jesus se kruisiging al ‘n pad saam Jesus gestap het vir Jesus al gesien wonders doen: Hulle is getuies van Jesus wat:

- op water loop,
- brood vermeerder,
- praat met wind en storms wat bedaar,
- wat duiwels uitgedryf het,
- selfs dooies opgewek het uit die dode…

Maar nou staan hulle in die teenwoordigheid van die Christus, die Lig vir die wêreld. Nog meer: **Moses en Elia** staan by hom – **<u>die wet en die profete in die Lig van die Woord.</u>**

En Petrus? Wel. Petrus. Petrus wil onmiddellik 'n boks maak. Hy wil probeer sin maak van wat hier gebeur daarom begin Petrus om boksies te gebruik. Hy noem dit 'n hut.

Terwyl hy (Petrus) nog praat, praat die hemel self: het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en 'n stem uit die wolk het gesê:

**<u>"Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom."</u>**

- Geliefde seun.
- Van onskatbare waarde.
- Uniek.
- Enig.
- Daar is geen ander soos hy.

**Petrus en Johannes en Jakobus het gesien wat geen ander mens in die geskiedenis gesien het nie: die Christus, in sy volle glorie.**

Daar is nie woorde vir so 'n oomblik nie.

Jy kan dit nie vasvat nie, nie bêre in 'n boksie nie.

Toe hulle dit besef, het hulle gesigte bleek geword en hul knieë ingegee. Hulle het bang geword en op die grond neergeval.

**Want,** Hulle het die **Een** gesien wat gedans het met die skepping, wat die sterre in die hemel gestrooi het; wat profete met vuurwaens weggevoer het en Farao in die see laat dryf het.

Die een waarvan Johannes praat die een wat van die begin af daar was, die woord wat mens geword het en die onder die mense kom lewe het

**Johannes 1:1-3**

| | |
|---|---|
| **1** | **In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self, God.** |
| **2** | **Hy was reeds in die begin by God.** |
| **3** | **Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.** |

Hulle sien met ander woorde die verheerliking van Jesus waar mens en natuur die knie voor buig en waarvan elke mond sal getuig! Dit is die gekruisgde, gesterfde en opgestane Here wat in ons plek kom ons kom vrykoop het!

Ek glo dat hierdie 3 manne – Petrus, Johannes en Jakobus vasgevang was in vrees. Skielik was dit nie net die Jesus wat 'n pad saam hulle gestap het nie, maar eerder die verheerlikte Jesus wat voor hulle staan en saam Hom is daar nog Moses en Elia ook:

Nou wat is vrees of beter gestel wat doen vrees in jou en my lewe?

- Vrees neem die vrede weg wat God belowe.
- Dit maak ons lam, moeg en laat ons stres,
- verander ons van vrygekooptes in slawe.

God openbaar homself aan ons, laat homself ken in Christus, sodat ons die REGTE dinge kan vrees.

- Daardie diepe ontsag vir die Here in jou vel en been, wat jou op jou knieë dwing en asem uit jou longe jaag?

Ek raai vir meeste van ons is dit nogal 'n tydjie wat ons daardie tipe vrees ervaar het.

As dit lank terug was dat ons beeld van God ons knieë lam gemaak het, dan verklaar dit ook hoekom ons vrese ons verlam.

- Want wanneer Christus groot is, is ons vrese nie.
- Hoe groter ons beeld van Christus is, hoe kleiner word ons vrese.
- 'n Groot God lei tot groot moed.
- 'n Klein beeld van God lei tot kleingelowiges wat vreesbevange lewe.

Ek dink dis een van die redes waarom Jesus sy vriende saamgeneem het by die berg op.  Hy het geweet wat vir hulle voorlê:

- verloëning,
- tronk,
- en vervolging.

As hulle God in 'n boks gepas het, sou hul uitdagings hulle ondergekry het.

Daarom het Jesus het hul boks uitmekaar geblaas.

**<u>Ons het hierdie Christus nodig.</u>**

- Die Een wat straal met die lig van die son,
- wat opgevaar het na die hemel, wat aan die regterhand van God sit,
- op die troon, met engele wat sing “Heilig heilig heilig.”

Dis ons Here.

- **Kyk na Hom.**
- **Moenie jou vrees mors op aardse goed nie.**
- **Hou dit vir hom – en die ander vrese sal verdwyn.**

**Psalm 27:1**

**Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug,vir wie sou ek vrees?**

Daarom moet ons aardse dinge vrees nie, maar eerder ons geloof en vertroue in die opgestane Here plaas. Hy moet GROTER word as ons vrese.

En so is dit met Christus.  Hoe langer ons hom ken, hoe groter word Hy vir ons.  Dis nie Hy wat verander nie, maar ons wat meer van Hom sien.

Daarom moet ons nie probeer om die Here in ons bokse te plaas nie, maar eerder die bokse uitgooi en besef hoe groot die Here is!

Gooi die ou arrogante sekerhede uit en maak plek vir die begeerte om meer en meer van Christus te leer ken.

Want dan reageer ons soos Hy wat Hy daar op die berg teenoor Petrus en Jakobus en Johannes reageer het.  Die lig soos die strale van die son steek sy hand uit, raak ons aan en sê:

**"Staan op en moenie bang wees nie"**

Want ek is die enige God, die een wat jou hand vat en jou lei. Die een wat jou neem na weivelde van rus en vrede, want jy is kosbaar vir My sê die Here Jesus Christus. Wie hulle skuiling by my vind hou Ek veilig.

Om in een sin die preek op te som sal ek so sê:

Hoe meer ek van die Here ken, hoe meer leer ek om afhanklik van Hom te wees. Dan gaan nie meer oor my nie, maar Christus wat in en deur my lewe! Daarom hoe groter die vrees om weg te dwaal van die Here hoe minder vrees ons die onsekerhede in ons eie klein wêrelde! Amen!

Gebed: Die Onse Vader - Lied

**Seën:**
Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee".